



**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA
TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule vir die 23^{ste} Algemene Jaarvergadering gehou by Horizon Stables,
BLOEMFONTEIN op 11 Augustus 2017 om 09:00
Minutes for the 23rd Annual General Meeting held at Horizon Stables
BLOEMFONTEIN, on 11 August 2017 at 09:00**

Teenwoordig:

Ben Raath

Alwyn Marx

Albie Rautenbach

Herlu Rautenbach

Cornelis Rautenbach

Werner Gouws

Russell Clark

Edward Clark

Christo Rothmann

Jim Bredenkamp

Ben Rossouw

Charl van Rooyen

Stephane Roos

Casper Kriel

Andrew Webster

Stefan Botha

Stefan van Wyk

Dr Japie van der Westhuizen

Liezel Grobler- Sekretaresse

Herman Labuschagne

Prysuitdeling:

A. 19 - 40 koeie

	Naam	Stoet	TKP
1	CJ Rautenbach	Nonnie	364
2	Niel Rossouw	Jenda	384
3	AD Mullins	Avondale	389
4	P& C Smit	Buffels Bosch	392
5	AD McEwan	Fair	397

B. 41 - 100 koeie

	Naam	Stoet	TKP
1	Ian Robinson	Kushiya	371
2	Gordon Gilfillan	Glen Heath	376
3	STR Main Sheard	Tip Tree	382
4	M van Niekerk	Ganna	390
5	Ben en Collin Raath	Donkerhoek	403

C. 100+ Koeie

	Naam	Stoet	TKP
--	-------------	--------------	------------

1	RT Clark	HBH	373
2	AJ Rautenbach	Langlyf	383
3	AJ Kriel	Casman	387
4	AJ Marx	Alpha Omega	409

A. Verbeterde TKP is AC King met 45 dae verbeter

B. Beste TKP is CJ Rautenbach met 364 dae

C. Logix vleisbees Produksie-aantekeninge skema in die katagorie kudde met die meeste toekeninges:

0002927TUL A.J. Rautenbach - 6 cows 4x silver & 2 x bronze

G. Nasionale Vleisbees Verbeteringsskema, kudde met die meeste bulle getoets in Fase D:

MR R.T. Clark met 35 bulle in Plaasgroeitoetse (FASE D)

Baie geluk aan bogenoemde telers.

1. **OPENING & VERWELKOMING / OPENING & WELCOME** - Ben Raath
Mnr Raath heet almal teenwoordig welkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan dr Japie van der Westhuizen, die nuwe hoof van SA Stamboek en mnr Herman Labuschagne, asook Stefan van Wyk wat die meeste Tuli keurings doen.
Mnr Rothman open die vergadering met gebed.

2. **KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID / NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE**

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word gesirkuleer en onderteken.

The notice of the meeting was sent timeosly and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.

Verskoning/Apologies

Dave Mullins

Gordon Gilfillian

Abel Rautenbach

Callie en Mariette Barnard

Paul Smit

Frans Burger

Carmen Welz

Bossie Coetzer

Merencia Groenewald

Coenraad Slabber

Tom Roberts en Nyreen Downie

JC van den Berg

Leslie Cook

Steven Mainsheard

Chris Rogers

Johan van Rijswijk
Chris Hobson

Anthony Kitching

1.1. Lief en Leed / Joy and Sorrow

- Callie Barnard wat aansterk by die huis na 'n operasie.
- Johan en Miriele van Rijswijk - geboorte van hul seuntjie

**3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING
GEHOU OP 19 AUGUSTUS 2016 / APPROVAL OF THE MINUTES OF THE
PREVIOUS MEETING ON 19 AUGUST 2016.**

Die notule van die 2016 AJV word goedgekeur. Voorgestel deur mnr Kriel, gesekondeer mnr Rothmann.

Een punt word opgeroep: bladsy 16, punt 7.9: *Mev Welz stel voor dat 'n ouderdomsperk vasgestel moet word - bv, 3jaar - waarna geen diere op die pending lys mag verskyn nie. Almal is tevrede.*

Mnr Raath doen navraag of hierdie reel toegepas word. Mnr Labuschange noem dat die reel nie toegepas word nie en dat die vergadering 'n versoek moet rig. Hierdie punt word verwys na die volgende Raadsvergadering. Mnr Raath noem dat kennisgewing eers aan die betrokke telers gestuur word voordat diere gekanselleer kan word.

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE / MATTERS ARISING FROM
MINUTES**

1.2. Geen

**5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA
Sien Punt 7 op die agenda / See item 7 on the agenda**

6. NUWE SAKE / NEW BUSINESS

1.3. Portefeuljes Verslae:

1.1.1. Verslag / President's Report - Callie Barnard

Geagte Telers,

Ek vra Mnr Ben Raath om die verslag in my afwesigheid aan u voor te hou. Dit is met spyt en weens omstandighede buite my beheer, dat ek dit nie self kan doen nie.

Nog 'n jaar het verby gesnel. 'n Jaar wat vir ons beesboere baie goed en voordelig was. Goeie reën het op sekere plekke, die meeste dele, geval en vleispryse is baie goed. Daar is landwyd 'n aanvraag na Tulibeeste, hetsy stoet of kommersieël. Die veilingspryse is 'n weerspieëling daarvan. Ons het ook 'n verdere Tuli-projek met die Departement van Landbou in die Wes-Kaap van stapel gestuur, en vind die projek by die Olympia Opleidingskool te George plaas en

is ene Mnr Ryno Duvenhage, 'n onderwyser, daar in beheer en vertrou ons die projek sal van krag tot krag gaan.

'n Woord van dank aan Liezel vir haar harde werk en onbaatsugtige ondersteuning. So ook aan JC van den Berg van Sekretariaat en aan Marietjie Campbell,

'n Woord van dank aan alle raadslede vir hul insette, hulp en menings wat die bestuur van die genootskap moontlik gemaak het.

Hef aan lê voor, en soos die Psalmdigter in Psalm 63 opmerk kan ons net ons hulp vanaf ons Hemelse Vader vra synde hy die God is by wie ons kan en mag smag vir leiding.

Thank you to all members and breeders outside of South Africa for their participation in our society and breeding programmes.

Alle sterkte aan die nuwe Raad.

Dankie



CALLIE BARNARD

Mnr Raath bedank mnr Barnard vir al sy harde werk en wens hom beterskap toe.

1.1.2. **Tesouriers Verslag / Treasurer's Report** - Ben Rossouw

Mnr Rossouw noem dat gelde waarvoor begroot word nie deur lede betaal word nie, en dit druk op die Genootskap se finansies plaas. Mnr Rossouw lê die begroting aan die vergadering voor. **Sien verslag aangeheg.**

Mnr Rossouw stel voor dat per kapita met 7% jaarliks verhoog word vanaf 1 Julie 2018. Gesekondeer mnr Clark.

Mnr van Niekerk stel voor dat die ledegeld van R1 000-00 ook verhoog word. Mnr Bredenkamp sekondeer. Na 'n lang bespreking word besluit dat terugwerking R1 000 ekstra gehê word (vanaf 1 Julie 2017) en dan vanaf 2018 die ledegeld R2 000 sal wees.

Mnr Bredenkamp stel voor dat die Raad 'n aanbeveling maak tydens die Raadsvergadering voor die AJV en die begroting dan by die AJV ingedien word vir goedkeuring. Mnr van Niekerk stel voor dat fakturering plaasvind na die AJV, nadat die begroting goedgekeur is. Mnr Rossouw sekondeer.

Besluit: Per kapita verhoging van minimum 7% word tree in werking 1 Julie 2018.

Besluit: Ledegeld verhoging na R2 000 terugwerkend vanaf 1 Julie 2017.

Besluit: Fature word voortaan in September uitgestuur.

Besluit: Streng by reelings hou tov lede wat nie rekenige betaal nie. 60 dae skrywe, 90 dae opskort, 120+ dae oorhandig.

Mnr Rossouw stel voor dat 'n skrywe aan telers gestuur word hoe die fakturering

rondom keurings gedoen word.

Mnr van Rooyen stel voor dat 0.5% kommissie op veilings heringestel word. Mnr Bredenkamp stem nie saam nie, hy noem dat alle telers 'n bydrae moet maak en nie net sekere telers nie. Mnr Raath noem dat indien iemand van mnr van Rooyen se dienste gebruik wil maak vir 'n veiling, die teler verantwoordelik is vir die kostes.

Mnr Albie Rautenbach noem dat hy nie ten gunste is van die veilingskommissie nie. Hy noem dat telers wat diere uit die hand verkoop geen onkoste het soos telers wat veilings hou en bemarkingsonkoste het nie.

Besluit: betaal van veilingskommissie word nie goedgekeur nie.

**1.1.3. Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2017 /
*Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2017***

Die finansiële state word voorgelê. Voorgestel mnr Rossouw, gesekondeer mnr Rothmann.

1.1.4. Aanstel van Ouditeure/ *Appointment of Auditor*

Mnr Rossouw stel voor dat die ouditeure verander na ARC Sakhile (Claassens & Grobbelaar) . Sekondeer mnr Bredenkamp.

1.1.5. Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee*

- Joernaal / *Journal* - Callie/Christo

Mnr Rothmann gee terugvoering rondom die 2017 joernaal. Hy noem daar was 'n versoek ontvang om meer joernale te druk.

Mnr Rothmann noem:

2016:

1000 joernale gedruk

70 bladsye

48 lede adverteer

4 buite adverteerders

R1000 inkomste van nie-adverteerders - R48 000

Netto wins- R52 000

2017:

1500 joernale gedruk

48 bladsye

41 adverteerders.

4 buite adverteerders

R1000 inkomste van nie-adverteerders - R41 000

Netto wins R41 000

Mnr Rothmann noem dat daar verbeterings aan die joernaal gedoen kan word: meer vasgestelde tydlyn met publikasie maatskappy - hy noem dat daar nie genoeg tyd was om te proeflees nie.

Besluit: Die vergadering besluit om na ander alternatiewe ook te kyk vir die samestelling van die joernaal.

Mnr van Niekerk stel voor dat na die kwaliteit van artikels gekyk word. Hy noem dat daar lank voor die tyd goeie artikels aangevra kan word.

Mnr Marx noem dat 'n paar dinge belangrik is met die saamstel van 'n joernaal.
- foto's wat geplaas word (kwaliteit van foto's en diere) - kry fotograaf om foto's te neem sodat foto's almal min of meer dieselfde kwaliteit is - besluit moet geneem word by AJV en dan moet almal daarby inval.
- fondse moet gekry word om iemand aan te stel om so projek te dryf, borge in te kry teen bv 10% kommissie.

Mnr Cornelis Rautenbach gee paar punte vir die neem van goeie foto's
(aangeheg)

- **Algemene Bemarking / General Marketing** - Ben Raath

1.1.6. TULI BEMARKINGS-VERSLAG TOT EN MET 30 JUNIE 2017

LANDBOUWEEKBLAD:

- DAAR WAS ELKE WEEK 'N SMALL IN DIE LBW EN FARMERS WEEKLY, TOT EN MET 23 MEI 2017, TOE MOES ONS ALLE BEMARKING IN DIE GEDRUKTE MEDIA STOP AGV DEBITEURE WAT NIE HUL REKENINGE BETAAL NIE
- DIE TOTALE KOSTE IN LBW EN FARMERS WEEKLY WAS R8 738.62
- OOM CHARL V ROOYEN HET 2 GRATIS ARTIKELS GEPUBLISEER
- DAAR WAS OOK 'N GRATIS ARTIKEL RAKENDE DIE LANDBOUWEEKBLAD EN SA STAMBOEK SE ELITE-PLATINUMKOEI, ASOOK DIE VLEISSENTRAAL SA STAMBOEK ELITE BULGROEI KOMPETISIE TE BLOEMFONTEIN
- BAIE DANKIE RUSSELL VIR MOEITE EN OPOFFERING MET BUL- DIT WAS ONS EERSTE EN MOET VERSEKER WEER GEDOEN WORD!

VEEPLAAS:

- MAART, APRIL, MEI 2017 TOTAAL R3 727.80 VIR LOGO IN TELERSGALLERY
- GRATIS ARTIKEL OOR ELITE-PLATINUM KOEI EN OOK KORT BERIG OOR VLEISSENTRAAL, SA STAMBOEK ELITE BUL VAN RUSSELL

PRO AGRI:

- WAS ADVERTENSIE IN MRT, APR, JUL EN AUG 2017
- OOK 'N KRUISTEEL ARTIKEL IN DIE MEI UITGAWE
- TOTAAL R17 272.71
- ONS HET OOK 'N UITRUIL OOREENKOMS MET PRO AGRI- 'N VOLBLAD ADVERTENSIE IN JOERNAAL, VIR ONS LOGO MAANDELIKS IN TELERSGALLERY

SA STUDBREEDER

ADVERTENSIE, "HOEKOM TULI" SEPT 2016

TOTAAL R7 011.00

GRATIS ADVERTENSIE IN MEI UITGAWE OOR LANDBOUWEEKBLAD SA STAMBOEK ELITE 2017 PLATINUM KOEI, ASOOK VLEISSENTRAAL SA STAMBOEK ELITE 2017 BULGROEIKLAS

INTERNET - WEBBLAD QUICKSOLVE:

R3 592.67- DIENSFOOI

STUUR ASB FOTOS, NUUS, GEBEURTENISSE ENS AAN LIEZEL OM LEWENDIG TE HOU!!
AL HOE MEER MENSE GEBRUIK HIERDIE MEDIUM OM NAVORSING TE DOEN

NAMPO

VANDAT EK BY NAMPO BETROKKE WAS, WAS DIT DIE BESTE BELANGSTELLING WAT ONS NOG OOIT GEHAD HET

ONS HET OOK GOEIE TERUGVOERING VAN KOMMERSIELE BOERE GEKRY, REGOOR DIE LAND EN OOK VANUIT ONS BUURLANDE

DIE OPVOLGWERK VAN BELANGSTELLENDEN, GAAN DIE SUKSES VAN NAMPO BEPAAL!

DIE STALLETJIE IS BIETJIE VERANDER. OOM BEN ROSSOUW HET 'N TOONBANK

GEMAAK WAARVAN ONS MENSE BEDIEN. DIT WERK UITSEKEND

OM KOSTES TE SNOEI HET NET EKSELF, OOM CHARL EN OOM GIEL V NIEKERK

VANJAAR BY NAMPO GEWERK. OOM BEN ROSSOUW, WAT ONS MEUBELS VERVOER

HET EN CALLIE BARNARD HET ELKEEN OOK 1 DAG KOM HELP. BAIE DANKIE AAN JULLE

BAIE DANKIE AAN OOM CHARL VR WAT UITSTAANDE DIERE BY OOM GIEL V NIEKERK

(GANNA) UITGESOEK HET. DAARDIE DIERE HET ONS BAIE TROTS GEMAAK!!

AGRI MEGA EVENTS 14-17 SEPT

UITSTAL RUIMTE R3 363.00

VERVOER VAN DIERE, R1 800
MNR NELIUS FRANKEN (OVERBERG TULIS) SE DIERE IS UITGESTAL
VOLGENS OOM CHARL WAS DIT WEEREENS 'N SUKSES- HY SAL DAAROO UITBREI

ROUYAL SKOU

OOM CHARL WAS BAIE SIEK EN KON ONS GEVOLGLIK NIE VANJAAR DIE ROYAL BYWOON
NIE

BOEREDAE

OOM CHARL HET HEELWAT BOEREDAE AANGEBIED EN SAL VERSLAG DOEN

DIT IS VERSEKER IETS WAARAAN ONS MEER AANDAG MOET GEE!

WES KAAP PROJEK:

5 VERSE IS GESKENK: CALLIE BARNARD 2 (RUST DE WINTER), ALBIE RAUTENBACH 1
(LANGLYF), OOM GIEL V NIEKERK 1 (GANNA), BEN EN COLIN RAATH 1 (DONKERHOEK)
EN ALWYN MARX (ALPHA EN OMEGA) HET 'N BUL GESKENK. BAIE DANKIE AAN ELKEEN
VAN JULLE!

R4 000 IS BETAAL VIR VERVOER VAN DIERE
OOM CHARL SAL IN SY VERSLAG UITBREI

CHARL VAN ROOYEN- RASADVISEUR

- SALARIS R240 000
- REIS, TOLG, VERBLYF R149 650.50
- ANDER UITGAWES LUSERNHOOI EN ETES R1 017.00
- SOOS U KAN SIEN IS ONS RASADVISEUR ONS GROOTSTE ENKELE UITGAWE
- SWAK BETALERS VAN GENOOTSKAPSFOOIE NOODSAAK ONS OM OOM CHARL SE
PAKKET EN PLIGSTAAT TE HERSIEN

PROMOSIE GOEDERE- EN BORDUURWERK

R5 758.85

ONS HET NIE VERDERE KLERE AANGEKOOP NIE- VOORRAAD WAS GENOEG

FACEBOOK

ONS FACEBOOK BLAD IS AKTIEF. STUUR ASB FOTOS OF GEBEURTENISSE AAN LIEZEL OM
LEWENDIG TE HOU. DIT IS GRATIS!

KLEREVERKOPE

R14 655

LIEZEL HET KLERE SAAMGEBRING- EK DOEN 'N BEROEP OP U OM ONS TE ONDERSTEUN EN SODOENDE ONS RAS TE BEMARK

Mnr Gouws doen navraag of die telers die inligting in die Nampo boek mag kry? Mnr Raath noem dat dit beskikbaar is vir alle telers. Die boek is by mnr van Rooyen om op te volg, maar die afskrifte by die kantoor.

Mnr Marx doen navraag of dit nie beter is om nuwe kommersiële boere te kry as nuwe lede nie. Hy noem dat dit vir elke Tuli teler die moeite werd gemaak moet word om 'n teler te wees - ons moet dit moeiliker maak om 'n teler te word. Diere duurder maak (meer werd). Hy stel voor dat 'n bemarkings komitee bymekaar moet kom en die pad voorentoe moet bespreek. Hy noem dat te veel diere onder die standaard van stoet diere in die mark aangebied word.

Besluit: Bemarkings komitee vergadering moet binnerkort gehou word.

1.1.7. Verslag deur Rasadviseurende komitee / Report by Breed advisory committee - Russell Clark

Mnr Clark noem dat die simposium baie goed was. Hy noem dat die TKP 408 dae na 423 dae verswak het. Hy noem dat aandag aan reproduksie geskenk moet word. Beter kwaliteit diere moet aan die mark gebied word. Briewe is uitgestuur aan telers om aan te moedig om swakker diere te identifiseer volgens TKP's. Was nie baie suksesvol nie. Volgende stap is om diere outomaties uit te haal uit die sisteem aangesien telers dit nie wil doen nie en dit 'n swak beeld skep van die ras.

Hy moedige telers aan om groeitoetse te doen - wys die mark daar buite dat die Tuli telers ernstig is om bulle te teel.

Mnr Clark noem dat die simposium in Parys deur Tuli telers bygewoon moet word - Tuli telers moet gesien word tussen ander rasse.

1.1.8. Verslag deur Stamboek komitee / Report by Studbook committee - Russell Clark

Mnr Clark noem dat dr Japie van der Westhuizen oorgeneem het by dr Pierre van Rooyen op 1 Junie 2017 as waarnemende bestuurder van Stamboek. Hy wens dr van der Westhuizen alle sukses toe. Die hof geding tussen LNR en Stamboek is nog nie afgehandel nie.

Dr van der Westhuizen gee terugvoering rondom die hofspraak.

Hy gee ook terugvoering rondom die BGP projek. Hy noem dat terugvoering

ontvang is en die Tuli saam met die ander Afrika Sanga rasse "cluster". Hy noem dat die einddoel steeds is dat Genoom inligting deel kan maak van teelwaardes voorspellings en akkurate voorspellings gemaak kan word soos bv melk, dogter vrugbaarheid. Hy noem dat van die rasse al begin om terugvoering te ontvang. Haarmonsters van kuddevaars en ouer koeie met nageslag word dringend benodig vir verdere navorsing. KI bulle en leen bulle is ook baie goed om haarmonsters van in te stuur.

1.1.9. Inspeksie verslag /*Inspection report* - Albie Rautenbach

Mnr Rautenbach gee terugvoering rondom die inligtingskursus wat gehou was. Hy noem dat slegs 5 persone die dag bygewoon het en 3 wat die junior kursus gedoen het. Hy noem dat die keurders kursus suksesvol was. Die volgende kursus sal op **14 en 15 Maart 2018** plaasvind (Suid van Bloemfontein - presiese plek sal later bevestig word). Eerste dag, die oggend kom keurders bymekaar. Middag en volgende dag Junior keurderskursus. Geen nuwe junior keurders bygekry nie. 2 Senior keurders, Tom Roberts en Bossie Coetzer.

Mnr Rautenbach doen 'n beroep op telers dat hul geriewe reg moet wees vir wanneer keurings gedoen moet word. Maak ook seker dat diere se speenindekse ingestuur word - diere sal nie gekeur word wat nie 12 / 18 maande of speenindekse het nie. Diere wat nie reg gebrandmerk of indekse het nie, mag geweier word deur die keurder om gekeur te word. 75% van diere gekeur in 2017 is deur Stefan van Wyk gekeur.

Mnr Gouws en Cornelis Rautenbach noem dat 'n boeredag weer gehou moet word.

1.1.10. Verslag deur Grondwet komitee / *Report by Constitution committee* - Callie Barnard

a) Rasstandaarde

- Verse moet teen 39 maande kalf
- Eerset kalf koeie mag tussen 1ste en 2de kalf 'n TKP van 760 dae hê.
- Koeie met 3 kalwers of meer moet 'n gemiddelde TKP van 630 dae of laer handhaaf.
- geen koeie mag 'n TKP van 760 dae tussen enige twee kalwers oorskry nie
- geen dier mag 'n DSLK van 760 dae oorskry nie

- *Heifers may not exceed 39 months AFC*
- *The maximum ICP between any calving may not exceed 760 days*
- *Maximum average ICP may not exceed 630 days*
- *Days since last calving 760 days*

Mnr Cornelis Rautenbach stel voor dat 'n skrywe aan alle lede gestuur word van die riglyne. Mnr Gouws noem dat hy persoonlik die persone sal kontak wie se diere nie aan die riglyne voldoen nie.

Besluit: TKP van 630 dae tree onmiddelik in werking

Besluit: DSLK teen 1 November 2017

Besluit: Skrywe aan telers gestuur word en betrokke telers kontak.

Mnr Bredenkamp stel voor dat kontakbesonderhede van mense wat help met admin (Bull's eye) ook aan persone gestuur moet word.

b) Byvoeging:

1.2.3 van Verordeninge: vroulike diere wat inpas by die kleur voorskrifte van die Tuli Telersgenootskap en wat beantwoord aan die voorskrifte van funksionele doeltreffendheid en tipe, kan na inspeksie en met goedkeuring deur die Raad in die Basiese register opgeneem word.

Algemeen aanvaar.

1.1.11. Buitelandse verteenwoordigers

1.1.11.1. Namibië – Bossie Coetzer

Geen

1.1.11.2. Zambië – Chris Rodgers

Geen

1.1.12. Tegniese Adviseur – Charl van Rooyen

Mnr van Rooyen noem 'n paar idees om ekstra geld vir die Genootskap te in: Road show of 'n teler skenk elk 'n halwe vers en hou veiling (30 verse teen R8 000 = R240 000).

Mnr van Rooyen maak gebruik van elektroniese skyfies om die speen-, naspeen- en 18 maande gewigte tussen verskillende rasse te verduidelik.

TABLE 1: Number of bulls with weight measurements and the average value per breed

Breed - SA	Birth Information			Birth		Wean		12 Month		18 Month	
	Animals Born	Service Info		Animals Weighed	Ave Value [±]	Animals Weighed	Ave Value [±]	Animals Weighed	Ave Value [±]	Animals Weighed	Ave Value [±]
		Nat.	AI								
AFRIKANER	563	560	3	116	30,1	489	202,2	106	235,4	64	322,3
BORAN	4089	3767	121	1406	30,4	615	202,8	150	261,9	98	349,4
DRAKENSBERGER	1515	1387	124	785	36,0	1486	215,3	525	248,9	348	359,6
HUGENOOT S.A.	252	235	17	135	40,8	133	222,1	30	234,0	32	339,1
NGUNI	4891	4811	80	254	27,3	953	162,5	143	218,9	70	271,1
SENEPOL	468	454	14	220	37,8	338	219,4	118	286,3	70	383,0
TULI	1026	894	132	341	32,7	722	189,7	236	240,2	199	338,7
Totals & Averages	42438	39251	2828	25439	35,9	29969	225,1	6115	289,4	4580	403,8

*Averages based on few measurements are not meaningful representations of the breed and should be interpreted with caution.

Weights are adjusted for age and total averages take breed size (in terms of number of animals) into consideration.

TABLE 2: Number of cows/heifers with weight and fertility measurements and the average value per breed

Breed - SA	Birth Information				Birth		Wean		12 Month		18 Month		AFC		ICP		Cow Weights			
	Animals Born	Service Info			Animals Weighed	Ave Value*	Animals Weighed	Ave Value*	Animals Weighed	Ave Value*	Animals Weighed	Ave Value*	Records	Ave Value*	Records	Ave Value*	At Calving		At Weaning	
		Nat.	AI	Embryo													Animals Weighed	Ave Value*	Animals Weighed	Ave Value*
AFRIKANER	545	543	2		106	28,4	582	191,3	189	240,7	152	299,7	203	35,5	862	459,8	170	455,4	580	473,0
BORAN	3880	3611	111	158	1407	28,8	646	185,8	323	216,0	237	273,6	2003	33,6	5239	436,5	1258	423,2	948	423,0
DRAKENSBERGER	1512	1365	142	5	770	34,1	1356	200,1	908	234,9	1014	309,1	546	34,1	2272	424,1	1604	491,3	2196	507,0
HUGENOOT S.A.	256	240	16		134	38,9	153	210,0	127	250,4	97	310,1	84	35,5	418	479,8	286	549,0	257	534,0
NGUNI	4884	4820	64		294	25,8	1001	148,3	368	182,2	578	239,8	2000	32,3	7598	415,4	960	357,3	1886	366,0
SENEPOL	621	612	9		224	36,1	477	213,9	274	268,2	264	332,6	247	31,8	787	433,1	425	488,8	446	486,0
TULI	1016	899	117		361	30,8	780	176,6	433	206,8	542	270,6	483	34,9	1459	423,0	740	432,1	1150	429,0
Totals & Averages	40860	37788	2729	343	24382	33,9	30065	209,5	17655	260,0	14920	326,1	17887	32,1	61847	417,3	27093	497,4	45633	500,1

*Averages based on few measurements are not meaningful representations of the breed and should be interpreted with caution.

Weights are adjusted for age and total averages take breed size (in terms of number of animals) into consideration.

TABLE 3: On-farm testing results (only bulls)

Breed - SA	Traits						
	Number of animals	Final weight (kg)	ADG (g)	Height (mm)	Length (mm)	Skin thickness (mm)	Scrotal circ. (mm)
AFRIKANER	120	346,9	864	1188	1326	15,71	328,9
BORAN	73	322,7	689	1167	1316	17,10	335,2
DRAKENSBERGER	405	370,0	930	1176	1400	14,32	336,2
HUGENOOT S.A.	63	422,6	1458	1204	1435	15,02	336,6
NGUNI	46	311,7	657	1124	1271	12,72	312,8
SENEPOL	90	350,8	1306	1145	1378	14,63	323,1
TULI	72	342,6	1074	1164	1352	13,90	304,0
Totals & Averages	7970	409,4	1300	1179	1402	15,26	343,4

Averages based on few measurements are not meaningful representations of the breed and should be interpreted with caution.

TABLE 4: Meat traits

Breed - SA	Traits				
	Number of animals RTU	Rib fat thickness (mm)	Rump fat thickness (mm)	Eye muscle area	Marbling (%)
AFRIKANER	49	2,41	3,46	55,51	2,41
BORAN	57	2,85	4,09	55,00	2,18
DRAKENSBERGER	51	2,60	4,87	63,67	2,34
HUGENOOT S.A.					
NGUNI					
SENEPOL	5	2,08	2,60	64,80	2,68
TULI	35	4,03	5,39	54,74	2,90
Totals & Averages	1785	3,06	4,85	65,73	2,60

Averages based on few measurements are not meaningful representations of the breed and should be interpreted with caution.

Mnr van Rooyen moedig telers aan om RTU scanning, tesame met Plaasgroei-toetse (Fase D) te doen. Kontak u tegnieuse adviseur by SA Stamboek.

Mnr van Rooyen gee terugvoering wat hy die laaste jaar gedoen het:

- uitstalling by Mafikeng in 2016
- Wes-Kaap projek
- Bosveld klub (10 boeredae in Noord Wes is al gehou vandat die klub gestig is)
- Nampo
- Mega Week (ons moet dalk eerder na Alfa skou in Parys gaan)

Mnr van Rooyen noem dat sigbaarheid van die Tuli verbeter moet word. Kuruman bul veiling/Ermelo bul veilings, ens. Moontlikheid van 'n Nasionale veiling moet ondersoek word.

Mnr van Rooyen noem dat die positiewe terugvoering wat ontvang word van swart boere van die tuli die volgende is: aanpasbaarheid, poena, gehardheid, maklike kalwing.

Mnr Gouws noem dat mnr van Rooyen nog nie by die telers in Mpumalanga was nie. Mnr van Rooyen noem dat sy reiskostes hom beperk om by al die telers uit te kom. R20 000 konsultasie fooi (8 – 10 dae) en R4.50 per km (R10 000) per maand.

Mnr Cornelis Rautenbach spreek sy ontevredenheid uit en noem dat die Raad aan die telers 'n verskoning verskuldig is – nuwe telers moes besoek word deur mnr van Rooyen. Party telers was nooit besoek – die Raad moes dit opvolg. Hy noem dat mnr van Rooyen veronderstel is om alle Tuli veilings by te woon. Mnr Rautenbach noem dat hy iemand soek wat onpartydig kan optree en nie sekere kuddes bo ander stel nie.

Mnr Rautenbach noem dat mnr van Rooyen se kontrak nagegaan moet word – opdragte waarvoor hy verantwoordelik was wat nie gedoen is nie (kuddes se admin) ens. Hy noem dat baie telers bedank het, of diere verminder het – was daar ooit met hierdie mense kontak gemaak? Die sekretaresse moet uitvind watter lede nog aktief is en wie bedank het.

Mnr Rautenbach is ook ongelukkig oor die raspromosie heffing wat nie vir artikels aangewend word nie- (waarvoor dit oorspronklik bedoel was) Daar word te min adverteer. Hy noem dat boeredae gehou moet word.

Mnr Raath spreek sy waardering uit teenoor Mnr Rautenbach se kommentaar en het begrip vir sy ontevredenheid. Die nuwe Raad moet hierdie punte aanspreek en daar sal baie beter kommunikasie moet wees.

Mnr Raath noem dat dit baie belangrik is om 'n bemarkings bosberaad te hou en die pad vorentoe te bespreek rondom Mnr van Rooyen se kontrak en pligte, die moontlikheid om vir Mnr Stefan van Wyk meer te betrek, wat alreeds die meeste keurings doen en baie rondbeweeg en sodoende 'n goedkoper diens kan lewer, doeltreffende bemarking, die hou van boeredae ens.

Mnr Raath se verder dat die Tuli Genootskap se per kapita fooie van die goedkoopste van die meeste rasse is en die Raad voel nie om dit verder te verhoog nie, maar addisionele fondse sal ingesamel moet word om 'n beter diens te kan lewer en meer en beter te bemark. Hy noem dat die ekonomie en droogte veroorsaak het dat sommige telers nie hul fooie kon betaal nie, wat veroorsaak het dat bemarking gestaak moes word. Sommige lede reageer eenvoudig nie op aannames en versoeke om rekeninge te betaal nie. Die reels

met swak betalings sal streng toegepas moet word. Geen instansie kan onder sulke omstandighede doeltreffend funksioneer nie. Daar was soms nie eers voldoende fondse om Mnr van Rooyen se volle salaris aan die end van elke maand te kon betaal nie en hy moes vooraf uit sy eie sak die nodige dienste lewer. Mnr Raath noem ook dat die sekretariaat bevestig het dat ander Genootskappe dieselfde probleme ondervind.

Mnr Marx noem dat tuli telers saam moet staan en die Ras bevorder. Mnr Clark noem dat die laaste 2 jaar baie droog was – boeredae kon nie gehou word nie. Hy noem dat elke teler verantwoordelik is om die tuli te bevorder – wees positief.

Mnr van Rooyen noem dat hy bewus is van die telers waarby hy nog nie was nie. Hy noem dat hy nie die 2017 Langlyf en Nonnie veiling kon bywoon nie aangesien hy siek was, maar verder het hy alle veilings bygewoon. Hy noem dat hy die hulp van telers benodig om 'n boeredag te hou.

Mnr van Rooyen se fooi is verminder na R120 000 per jaar (4 dae per maand) en Reiskoste en verblyf na R85 000.

Die Raad sal seker maak dat mnr van Rooyen reg bestuur word. Almal is tevrede.

Mnr Gouws noem dat die Tuli nerens sigbaar is in tydskrifte nie (smalls van die LBWB, Farmers Weekly). Die Raad neem kennis.

Mnr Rossouw noem dat mnr van Rooyen by elke Raadsvergaderings genoem het dat gratis artikels geplaas kan word in LBWB, maar niemand het inligting vir hom gestuur nie. Hy noem dat mnr van Rooyen met elke vergadering terugvoering gegee het en die Raad was tevrede. Hy noem ook dat hy van mening is dat "by word of mouth" die tuli beter bemark sal word as deur artikels. Mnr van Rooyen noem dat LBWB en Farmers Weekly nie artikels oor stoet telers wil skryf nie, eerder oor swart boere, ect. Artikels met syfers wat ekonomies sin maak. Mnr Botha noem dat 'n groot kostes na mnr van Rooyen betaal word. Hy noem dat die Raad besluit waar hulle hom wil gebruik en wat hulle daaruit wil kry. Waar bv kopers vir 'n veiling gekry word, kan mnr van Rooyen 'n % as ekstra inkomste van die verkope kry.

Mnr Albie Rautenbach noem dat na koste effektiwiteit gekyk moet word. Mnr van Rooyen moet gebruik word bv by boeredae, artikels, projekte. Mense soos Stefan van Wyk wat keurings doen dalk gebruik om telers te besoek en nuwe telers te kry. Mnr Rothmann noem dat 48 dae wat vir mnr van Rooyen se dienste betaal word, besluit word wat die Genootskap wil hê hy moet doen. Mnr Marx noem dat 'n strategie in plek gestel word vir mnre van Rooyen en van Wyk.

Mnr Kriel stel voor dat mnr van Rooyen se kontrak nie hernu word tot na die Bemarkingskomitee vergadering. Mnr Botha stel voor dat hy per maand

aangestel word tot na die bemarkingskomitee vergadering 'n besluit gemaak het. Indien 'n teler van mnr van Rooyen se dienste wil gebruik maak moet die lid sy onkostes dra.

1.1.13. Sekretariaat/Secretariat - JC van den Berg

Geen

1.4. Jaar program /Year program 2017

<i>Tuli Dinee</i>	<i>10 Augustus</i>
<i>Tuli AJV</i>	<i>11 Augustus</i>
<i>KRM en HBH</i>	<i>23 Augustus</i>
Alfa Skou & Stamboek Simposium	12 - 14 September
Mega Week	13 - 16 September
Glen Heath Tuli's	20 September
Grootvee forum	2 Aug
Eira Tuli's	4 Oktober
Go West Tuli's veiling	19 Oktober
Exco en Stemma Animalia	1 November
Stamboek AJV	2 November
Tuli RV	3 November

7. BYVOEGINGS / ADDITIONS

Verhoging van speen indeks

Speenindeks van bulle onder 90 en verse onder 80 word outomaties gekanselleer. Almal is tevrede. Vanaf 1 September 2017.

Mnr Cornelis Rautenbach se vrae:

1.1.14. Die getal nuwe lede wat bygekom het (2012 - 2017)

36 nuwe lede

1.1.15. Die getal lede wat bedank het.

28

1.1.16. Ons finansiële posisie vir die tydperk (2013-2017)

2013 - R33 505

2014 - R103 504

2015 - (-R15 254)

2016 - (-R179 329)

2017 - (-R137 969)

1.1.17. Die aantal lede wat agterstallig is met betalings.

15 (totaal van R81 279.88)

1.1.18. Die aantal joernale gedruk

2016 - 1000

2017 - 1 500

1.1.19. Die aantal joernale wat elke teler in die pos/per hand ontvang het
Elke lid ontvang 'n joernaal. Telers wat adverteer kry vir 'n halfblad 20 joernale en
volblad 40 joernale

1.1.20. Die aantal telers wat adverteer
2016 - 27
2017 - 21

1.1.21. Die aantal belangstellendes wat die keuringskursus bygewoon het (bv 2016 - geen)
2014 - 17
2017 - 10

1.1.22. Die aantal persone wat die Tuli-boek by Nampo ingevul het.
Lys beskikbaar by die kantoor.

1.1.23. By wie was die boek die tydperk direk na Nampo om op te volg en om op die
Genootskap se data gelaai te word.
Charl van Rooyen

1.1.24. Sake uit die notule: keuring Boomerang
Keuring" Boomerang:

a) Hoeveel diere is met horings gekeur in verhouding met aantal diere goed gekeur vir
die afgelope 5 jaar sowal as "scur" diere

TULI INSPECTIONS									
ISP_YEAR	Passed or culled		Horn status						
	PASSED	CULLED	HORN	HP	DH	POLL	PP	PH	SCURS
2000	609	1							
2001	720	3	1						
2002	17704	0	46						
2003	442	0	3						
2004	647	36	77			128			8
2005	391	32	9			4	19	3	0
2006	808	39	33		8	277			21
2007	940	82	54			269	2	1	22
2008	772	40	68		3	272	57	11	58
2009	762	47	70	1		470		3	64
2010	1276	61	127			757	18	1	108
2011	1167	27	78	1		517			39
2012	1384	71	97			723			80
2013	1430	57	132	1	7	988			98
2014	1606	77	176		1	1115			105
2015	1326	119	126		3	912			95
2016	1363	98	111			882			62
2017	718	71	67			631			64
TOTAL	34065	861	1275	3	22	7945	96	19	824
			1319			8041			824
	97.5%	2.5%	772.1%			126.7%			1235.9%
	PASSED	CULLED	HORN			POLL			SCURS

Mnr Cornelis Rautenbach stel voor dat diere wat nie veilingswaardig is nie tydens veilings aangebied moet word nie. Telers moet nie sy "scrap" op veilings aanbied aan telers nie, sulke diere moet geslag word.

- 1.1.25. Nampo: Bekendstelling van prestasie data by Nampo.
Die Raad neem kennis.

8. VERKIESING VAN RAADSLEDE / ELECTION OF COUNCIL MEMBERS

Ben Raath - Voorsitter
Russell Clark - Vise Voorsitter
Werner Gouws
Alwyn Marx
Christo Rothmann
Ben Rossouw
Albie Rautenbach

9. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING / DATE OF NEXT MEETING

Die datum van die volgende vergadering sal deur die nuwe Raad bepaal word.
Augustus 2018.

10. AFSLUITING / CLOSURE

Mnr Raath bedank almal vir hul insette. Mnr Botha sluit die vergadering af met gebed. Die vergadering verdaag om 15:30.